# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (50/16)

(Volg my op Twitter justchad_cga)

*Justin Chadwick 30 Desember 2016*




***"Test fast, fail fast, adjust fast" Tom Peters***

## ***CRI PHYTRISK VIR BETER BESTUUR VAN SITRUS SWARTVLEK***

*Dit is altyd opwindend wanneer nuwe en nuttige tegnologie aan die sitrusbedryf bekendgestel word. Ek het die vrymoedigheid geneem om uittreksels vanuit Mareli Kellerman en Paul Fourie (CRI) se artikel in Snykant No 224 te neem.*

*Ons het CRI-PhytRisk by die 2016 CRI Navorsingsimposium bekend gestel. Ten einde 'n breër evaluasie van die diens en modelle moontlik te maak, het ons verkies om die webtuiste aan die beginstadium van ontwikkeling vry te stel. Terwyl dit deel van 'n voortgaande navorsingsprojek is wat deur CRI en die Departement van Wetenskap en Tegnologie befonds word, en nog verdere verbeterings en bevestiging vereis, is CRI-PhytRisk nou 'lewendig'. Ons nooi produsente uit om dit te gebruik en terugvoer te verskaf.*

***Wat is CRI-PhytRisk?***

*CRI-PhytRisk (www.cri-phytrisk.co.za) is 'n webtuiste wat inligting rakende die risiko vir Sitrus Swartvlek (SSV) infeksie vir elke sitrus-produserende area in Suid-Afrika op 'n daaglikse basis verskaf, tesame met die geskiktheid van swamdoder-spuittoestande, gebaseer op weerstoestande soos voorspel deur yr.no. <u>CRI-PhytRisk het ten doel om die volgende vrae te beantwoord:</u>*

*1. Was weerstoestande gunstig vir SSV infeksie?*

*2. Wanneer gaan swamdoder-toediening mees effektief vir SSV beheer wees, en moet ek my spuitprogram aanpas gebaseer op die SSV risiko?*

*3. Wanneer gaan weerstoestande gunstig wees vir spuit ("Good2spray")?*

*4. Kan ek rekord hou van die SSV risiko van my area regdeur die seisoen in geval van navrae?*

*Die webtuiste gebruik weerdata-insette vanaf yr.no ten einde die SSV risiko te bereken, en "Good2spray" toestande vir die huidige dag (vandag), asook 'n 6-dag voorspelling. Historiese weer- en SSV voorspellingsdata word gestoor en is beskikbaar vir rondblaai en aflaai. Verskeie SSV epidemiologiese modelle word op die CRI-PhytRisk platform geïntegreer ten einde ondersteuning aan sitrusprodusente in SSV areas te gee om swamdoderspuit-tydsberekening en keuse van swamdoder (kontak of sistemies) te verbeter, asook om die SSV risiko wat deur die seisoen ondervind is, aan te dui.*

***Hoe om die inligting op CRI-PhytRisk te interpreteer***

*1. SSV risiko - a. Askospoor-infeksie b. Piknidiospoor-infeksie, 2. Weervoorspelling, 3. "Good2spray" daaglikse opsomming, 4. Afbraak van daaglikse weer- en "Good2spray" voorspelling in 3-uurlikse intervalle.*

***Wie kan CRI-PhytRisk gebruik?***

*Enige iemand met toegang tot die internet kan CRI-PhytRisk gebruik, insluitende 12 dae van weer-, SSV en "Good2spray" voorspellings: die huidige dag, 5 dae vantevore, asook 'n 6-dag toekomstige voorspelling. Gebruikers met 'n lae internetspoed, of wat slimfone gebruik, kan toegang tot die "Basic Site" verkry om vinniger te kan deurblaai, sonder om die interaktiewe kaarte te sien. Gebruikers wat historiese data wil sien of uitdruk, moet geregistreer wees om CRI-PhytRisk te gebruik. Geregistreerde gebruikers kan ook e-pos-waarskuwings vir SSV risiko in hul area opstel. Indien jy 'n lid op die CRI webtuiste is, sal jy in staat wees om jou e-pos adres en CRI webtuiste wagwoord te gebruik om op CRI-PhytRisk in te teken. Indien jy nie 'n CGA / CRI lid is nie, maar CRI-PhytRisk wil gebruik, moet jy asseblief 'n e-pos na phytrisk@cri.co.za stuur, en ons sal jou detail verifieer en jou registreer. Vir meer informasie skakel CRI 013-7598000.*

***Hoe kan jy help?***

*Ons hoop dat jy dit sal geniet om die CRI-PhytRisk webtuiste te gebruik! Gaan kyk asseblief na die CRI-PhytRisk webtuiste (www.cri-phytrisk.co.za), en e-pos enige kommentaar of voorstelle na phytrisk@cri.co.za. Let asseblief daarop dat CRI-PhytRisk steeds in 'n ontwikkelings- en bekragtigingsfase is en verbeterings en bevestiging van die SSV modelle word voortdurend gedoen. Die CRI-PhytRisk webtuiste en dienste word op hierdie stadium vir die publiek beskikbaar gestel ten einde gebruik daarvan en terugvoer vanaf deelnemers aan te moedig, maar CRI kan nie aandadig gehou word vir enige skade wat mag volg op gebruik van CRI-PhytRisk nie.*

***Wat hou die toekoms in?***

*Die volgende fase van CRI-PhytRisk sluit die bou van 'n slimfoontoepassing in asook om gebruikers met weerstasies in staat te stel om hul eie weerdata te gebruik, asook die vermoë om spuitdata per boord in te sleutel. CRI-PhytRisk gaan met die PhytClean platform gekoppel word om sodoende spuit- en SSV risiko rekords te hou wat deur owerhede benodig mag word ten einde geskiktheid vir uitvoer te bepaal.*



Citrus Growers' Association

OF SOUTHERN AFRICA

CRW